higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE MENSLIKE LIGGAAM EN GEES
NKR VLAK 2

(9020072)

18 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Gebruik slegs 'n pen met BLOU of SWART ink.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Definieer elk van die volgende terme:

1.1.1 Anatomie

1.1.2 Sel

(2 × 2) (4)

1.2 Noem die VIER algemene kenmerke van die meeste selle. (4)

1.3 Wat is die funksies van die volgende selle?

1.3.1 Skubeptiteelsel

1.3.2 Spiersel

1.3.3 Rooibloedsel

1.3.4 Witbloedsel

(4 × 2) (8)

1.4 Identifiseer die VIER soorte weefsel wat in die menslike liggaam voorkom. (4)

1.5 Teken ’n menslike liggaamsel waarin die hoofkenmerke van ’n algemene sel uitgebeeld word. (5)


1.6 Bespreek die TWEE soorte selle. (5)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die skets in FIGUUR 1 hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *br.depositphotos.com*]

FIGUUR 1

2.1.1 Benoem A tot D. (4)

2.1.2 Dui die primêre geslagsorgane van die manlike voortplantingstelsel aan. (2)

2.1.3 Wanneer begin spermproduksie? (2)

2.1.4 Identifiseer die hoofdoel van hierdie stelsel. (1)

2.1.5 Noem die hoofhormoon wat in die testes geproduseer word. (2)

2.1.6 Teken 'n vloeidiagram waarin die reis van die sperms van produksie tot ejakulasie verduidelik word. (7)

2.2 Vir watter TWEE funksies is die vroulikevoortplantingstelsel verantwoordelik? (2)

2.3 Beantwoord die volgende vrae op grond van jou kennis van vrouehormone:

2.3.1 Dui die name van die TWEE vrouehormone aan. (2)

2.3.2 Waar word hierdie hormone geproduseer? (1)

2.3.3 Waarvoor is hierdie hormone verantwoordelik? (4)

2.4 Beskryf die term *borskliere*. (3)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Beantwoord die volgende vrae op grond van jou kennis van die omloopstelsel:

3.1.1 Wat word hierdie stelsel genoem? (2)

3.1.2 Beskryf waaruit die limfvaatstelsel bestaan. (3)

3.1.3 Bespreek die lae van die wande van die hart. (6)

3.1.4 Tabuleer die verskille tussen bloed en limf. (6)

3.1.5 Noem VIER stowwe wat deur bloed vervoer word. (4)

3.1.6 Noem enige VIER hoofbloedvate van die kardiovaskulêre stelsel. (4)

3.2 Identifiseer enige VYF dele van die menslike brein. (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 Een van die basiese doelstellings van die sielkunde is om gedrag te kan voorspel. Verduidelik hoe sielkundiges probeer om gedrag te voorspel. (2)

4.2 Volgens Sigmund Freud bestaan ons persoonlikheid uit drie komponente.

Noem en beskryf hierdie DRIE komponente. (3 × 2) (6)

4.3 Bestudeer die skets in FIGUUR 2 hier onder en beantwoord die vrae.



FIGUUR 2

[Bron: *faithactivators.com*]

4.3.1 Besluit of die beeld hier bo 'n voorbeeld van selfkonsep, selfbewustheid of selfagting is. (2)

Kopiereg voorbehou

4.3.2 Gee DRIE redes vir jou antwoord op VRAAG 4.3.1. (3 × 2) (6)

4.4 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.4.1	Binne-in die kern geleë	A	silia
4.4.2	Membraangrens van ’n lewende sel	B	sitoplasma
4.4.3	Klein, haaragtige organelle (seldeeltjies)	C	kernliggaampie/neokleolus
4.4.4	Groot seldeeltjie binne-in ’n sel	D	flagella/sweephare
4.4.5	Seldeeltjie waarin proteïen gemaak word	E	endoplasmiese netwerk
4.4.6	Jellieagtige stof binne-in ’n sel	F	selkern
4.4.7	Netwerk interne membrane wat in die sitoplasma voorkom	G	growwe EN
4.4.8	Produseer lisosome	H	ribosome
4.4.9	Bevat verteringsensieme	I	Golgi-samestelling
4.4.10	Sweepagtige stert van spermselle	J	lisosome
		K	plasmamembraan
		L	sentriole

(10 × 1) (10)

4.5 Noem die toestande wat die vroeë afsterwe van selle tot gevolg het. (4)
[30]

VRAAG 5

5.1 Neem die kennis van anatomie in aanmerking wat toegepas word wanneer ’n pasiënt in ’n noodsituasie geassesseer word en beantwoord die vrae.

5.1.1 Watter TWEE dinge moet eers vasgestel word sodra ’n noodhulpwerker by ’n noodsituasie opdaag? (2)

5.1.2 Hoe stel ’n mens vas of ’n persoon asemhaal of nie? (3)

5.1.3 Noem DRIE plekke op die menslike liggaam waar ’n pols gevoel kan word. (3)

5.1.4 Wat behels die sekondêre assessering? (2)

Kopiereg voorbehou

5.1.5 Noem enige VYF waarnemings wat gemaak kan word terwyl die sekondêre assessering gedoen word. (5)

5.2 Neem jou kennis van die anatomie in aanmerking wat tydens die rehabilitasieproses toegepas kan word en beantwoord die vrae.

5.2.1 Waarop fokus rehabilitasie? (2)

5.2.2 Wat kan die oorsaak van ’n beroerte wees? (3)

5.2.3 Noem die gesamentlike bewegings wat die hand moet uitvoer as iemand se hand ná ’n beroerte aangetas is. (5)

5.2.4 Dui die rol van die gesondheidsorgwerker aan. (2)

5.2.5 Noem DRIE gevalle waarin ’n mens jou hande moet was. (3)
[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou